# HOOFSTUK 3

## HUIDIGE KULTURELE, POLITIEKE EN EKONOMIESE OPSET EN GESINDHEID EN DIE NOODSAAK VAN VOLKSOPVOEDING

### I. INLEIDING

Die vraag kan gestel word of die skool enigiets te make het met die kulturele, godsdienstige, politieke en ekonomiese klimaat buite die skool. Dit kan beweer word dat die onderwyser as voogonderwyser van sy leerlinge wel alles daarmee te make het - eerstens omdat hy mede-opvoeder van die kind is en dus in ons Christelike lewenswyse medeverant= woordelik voor God is om saam met die ouer die beste heil vir die kind te probeer uitwerk. Maar tweedens word deur verskillende opvoedkundiges die volgende verantwoordelikhede aan die onderwyser toebedeel: hy is draer en vertolker van sedelike waardes binne en buite die skool; hy moet planmatig en doelbewus die Christelik-nasionale lewenswyse, ideale en opvattinge deur die eie voorbeeld en deur leierskap by die kind en ouer inskerp; hy is rigtingaanduider in die gemeenskap - hy moet vormend en opvoedend op sy skool en omgewing inwerk; as volksopvoeder moet hy 'n idealistiese volksman sonder egoïsme wees en geroepe om deur sy skool die koers aan te dui as die volk weens vreemde indringing van koers sou raak.[1)]

---

1) Scholtz, I.P. Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys..., p. 41-50.

ʼn Saak wat in die opvoeding en onderwys egter nie uit die oog verloor mag word nie, is dat die skool nooit die ouer as natuurlike godgegewe opvoeder kan vervang nie - selfs al word dit verkeerdelik aanvaar dat ouers vanself bevoeg is om kinders reg op te voed. Wolmarans sê dat gedurende die afgelope halfeeu by al meer ouers die besef posgevat het dat hulle hul opvoedingstaak nie reg aanpak nie en omdat hulle onseker is, doen hulle liewer te min uit vrees dat hulle sal fouteer. Die kind se ouers bly sy primêre identifikasiepersone en handel hy eerder volgens die voorbeeld wat hulle stel, as volgens die voorskrifte wat hulle gee.[2)] Maatskaplike toestande het ingrypend verander en daarmee ook die ouer-kindverhouding en die ouerhuis as onbesproke leefwêreld van die kind. Vir die welsyn en voortbestaan van die Afrikanervolk as geheel is dit van die grootste belang dat die gesinslewe kerngesond moet wees.[3)]

Schutte stel dit dat, as die huis nie meer opgewasse is om die kind vir die informele lewe voor te berei nie, die skool hierdie taak nie sonder meer kan oorneem nie. Die skool moet eerder sy funksie op so ʼn wyse uitvoer dat die huis weer sy regmatige deel kan bydra. Hy benadruk die moontlikheid as bykomende funksie van die skool om via die skool ʼn terug=koppeling na die huis te bewerkstellig ten einde van die kind ʼn beter toekomstige ouer te maak.[4)]

---

2) Wolmarans, A.D. Die gesinsituasie as faktor in die ontsporing van kinders. <u>Aspekte van ʼn modern-pedagogiese diagnostisering en behandeling van kinders met gedrags- en leermoeilikhede</u>, p. 122.

3) Kruger, J.H. Onderwyser en skool, p. 2.

4) Schutte, B.C. Die saak teen die skool. <u>Fokus</u>, 1(3):152, November 1973.

Solank die kind sy ouerlike voorbeeld in alles volg, sal hy slegs 'n beter ouer kan wees indien die ouer deur voorligting die regte voorbeeld stel.

Dit wil nietemin voorkom of die skool die belangrikste enkele instelling is wat die volk weer rigting en belangstelling in alle lewensbelangrike sake kan laat kry. Die grootste enkele tekortkoming, maar wat terselfdertyd die magtigste wapen in die opvoeding en onderwys behoort te wees, is voogonderwys. Wanneer daar aanhoudende persoonlike kontak en wetenskaplike sinvolle kommunikasie tussen voog (ouer) en voog (onderwyser) bestaan, sal die noodsaaklike vernuwing, selfs inkeer, in goeie gesindhede en menseverhoudinge bewaar=heid word. Dan kan die gesin weer die siel van die volk word wat op sy knieë sy daaglikse brood ontvang.

Die skool het 'n uiters belangrike taak en dit word dikwels deur die owerhede beklemtoon. Maar is dit die owerhede erns?

## II. <u>IS DIT ONS ERNS MET DIE OPVOEDING EN ONDERWYS?</u>

### A. <u>SOWJET EN DIE ONDERWYS</u>

In Rusland word bedreigings gerugsteun deur geweldige en oor die algemeen, effektiewe organisasie van die onderwys en die wetenskaplike navorsing en ontwikkeling. Die skool en die wetenskap word beskou as hulpmiddels in sowel die ideologiese as die fisiese stryd.[5)]

---

5) Naudé, S.M. Wetenskap en tegnologie, p. 16.

Onderwys in Rusland geniet hoë prioriteit en staatsuitgawes daarvoor is na bewering pro rata die hoogste in die wêreld. Die Westerse Volke, en die Republiek van Suid-Afrika in besonder, kan hierdie bedreiging van die Westerse kultuur en veiligheid nie ignoreer nie. Dit is noodsaaklik om deur die opvoeding en onderwys ŉ bolwerk teen alle aanslae te vorm.

## B. DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE ONDERWYS

Die T.O.-redaksie stel die saak so: "Is die regering eerlik met sy herhaalde standpuntstelling dat onderwys ŉ prioriteitsaak in die volkshuishouding is? Word die onderwyser se lojaliteit nie gruwelik uitgebuit nie?... Die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel vereis ŉ goed opgeleide, gelukkige en gebalanseerde onderwyserskorps, en met die huidige toedrag van sake is dit wensdenkery om te dink dat ten volle in hierdie behoefte voorsien kan word."[6]

Die owerheid maak in sy onderwyswette, ordonnansies en regulasies ook voorsiening vir nie-Afrikaanse onderwys en gevolglik sal sy wetgewing nooit so positief Afrikaanskultureel kan wees nie.[7]

---

6) Redaksioneel. Is dit ons erns met die onderwys? Mondstuk, 1(9): 2-3, Maart 1973.
Vgl. ook: Steynberg, K. Is onderwys prioriteit nr. 1? Nee. Onderwysblad, 82(848): 27 en 29, Julie 1974; Redaksioneel. Die uurglas het leeggeloop. Mondstuk, 2(3): 2, Mei 1974.

7) Coetzee, W.J. Die praktiese beslag van die Christelike skool. Fokus, 1(3):191, November 1973.

Terwyl dit só is, moet ten minste die onderwysersopleiding streng Christelik wees. "As die Afrikaner sy skool, wat die hartklop vir sy toekoms is, verwaarloos, dan staar ŉ onsekere voortbestaan hom in die gesig".[8)]

Wanneer daarop gelet word dat Rusland sy behoud, hoe verderflik sy ideologie ookal is, en sy toekoms in die onderwys en die wetenskap sien en staatsuitgawes ooreenkomstig daarna rig, en as verder daarop gelet word watter geweldige verantwoordelikheid die voogonderwyser het, is daar beslis vraagtekens oor die owerheid se erns. Word al die implikasies en verantwoordelikhede in verband met gedifferensieerde en dus voogonderwys, werklik besef? Is dit werklik ŉ saak van erns om uitvoering aan Christelike en nasionale onderwys te gee? Wil die owerhede regtig die beste mense vir die opvoeding van sy jeug trek?

Wanneer na die onderwysuitgawes as ŉ persentasie van die bruto nasionale produk vir ŉ afgelope paar finansiële jare en ŉ paar beramings vir toekomstige finansiële jare gekyk word, lyk dit nie so nie, bv.: 1960/61, 3,48; 1963/64, 3,44; 1970/71, 3,5; 1980/81, 3,6 en 1990/91, 3,7.[9)] Tot 1980/81 sal die persentasie uitgawe teenoor bruto nasionale produk met slegs 0,1 toeneem.

---

8) Ibid.

9) Mulder, J.J. Die plek van die ouer in die onderwys. Onderwysbulletin, XVI(1): 20, September 1972.

## C. DIE SKOOL AS DIE VERDEDIGERS VAN DIE GEESTESGRENSE

Die owerheid skyn opreg begaan te wees oor die voortbestaan van die Blanke beskawing in die Republiek van Suid-Afrika soos blyk uit uitgawes ten opsigte van verdediging, die ekonomie, die tuislande, ens. en wetgewing in verband met Sabbatsontheiliging, kommunisme, onluste, sensuurrade, ens. Maar daar is een ding wat die owerheid nie volkome kan doen nie. En dit is om die volk waarlik geesteswerbaar te maak. Dit is in die eerste plek die kerk se taak deur die inwerking van die Heilige Gees en in die tweede plek die Christelike skool se taak om deur die kind sy ouer te bereik en te besiel, óók deur die krag en genade van God. Die onderwyser moet egter deur opleiding vir sy taak volkome toegerus word.

Lt.genl. Cockroft sê dat vir die voortbestaan van die Afrikanerdom die Christelike geloof en die patriotisme nodig is. "Waar die ware God nie heers nie, is daar alleen duis= ternis en waar patriotisme ontbreek, het so 'n volk geen idealisme en selfrespek nie - is hy in werklikheid geen volk nie."[10] Hy is ook van mening dat die godsdiens en patriotisme huidig bespotlik gemaak word en dat die individu, die gesin en die volk 'n onlogiese skuldgevoel het. Linkse bewegings probeer om patriotisme deur wêreldburgerskap te vervang, sodat baie van die jeug 'n skuldgevoel oor hul Afrikanerskap opgedoen het. Hy pleit vir 'n samesnoering van

---

10) Cockroft, C.R. Verdedigers van ons geestesgrense. <u>Handhaaf</u>, 10(9): 8-10, Mei 1973.

die Christelike godsdiens (kerk), die onderwys en die gesin om hierdie aanslae die hoof te bied. Na sy mening is die skool een van die belangrikste verdedigers in die hede van ons geestesgrense. "Maar is elke leerkrag bewus van die volle aanslag op die jeug? Is alle onderwysers bekend met die omvang van die 'koue oorlog' en die implikasies daarvan vir elke individuele skolier of student, vir die gesin en vir die voortbestaan van die volk?" Hy sê die skool is in ŉ gunstige posisie en beskik oor die vermoë om die gesin ten goede te beinvloed. Dit is intiem gemoeid met die versekering van die toekoms van die volk en nie bloot ŉ karweier van kitskennis nie. Vir hom is die skool geroepe om ŉ bastion teen die kulturele rewolusie, die wêreldwye kulturele een=vormigheid en die kulturele materialisme te vorm. Elke gesin is ŉ bousteen van die volk en verbrokkelde gesinne sal die fondamente van die volk omgooi.[11)]
Elke onderwyser as voog in die opvoeding en onderwys het die roeping en plig om sy leerlinge geesteswerbaar te maak en in die proses die ouer se hulp in te roep én om hom (die ouer) tot besinning te bring.

In die volgende paragrawe word aangedui in watter mate kommer oor verskillende aspekte in die volkslewe heers. Teen dáárdie agtergrond moet die onderwyser sy taak probeer vervul en word dit verwag om kinders te besiel en vir hulle die weg te wys na die saligheid en na goeie burgerskap.
Ná die algemene toestande beskryf is, word ŉ motivering vir volksopvoeding gegee.

---

11) Ibid.

## III. DIE AGTERGROND WAARTEEN DIE VOOGONDERWYSER OPVOEDING EN ONDERWYS MOET GEE

### A. GODSDIENSTIGE NOOD

#### 1. Kommunisme en die Christelike godsdiens

Die Kommunisme se aanklag téén die Christelike godsdiens en kerk is in hoofsaak die volgende:

a. Die kerk en die Christendom was eeue lank die toeskouer, terwyl die arbeider in sy loon veronreg is;

b. die Christendom was magteloos teenoor die euwel van slawerny;

c. die Christendom was onverskillig teenoor die nood en lyding van die massas;

d. in die stryd om vryheid het dit steeds vir die onder=drukker kant gekies;

e. dit was die geswore vriend van die kapitalisme en rykes;

f. dit kies in elke stryd altyd weer die verkeerde kant en

g. in 2 000 jaar het dit bloedweinig tot die emansipasie van die minderbevoorregtes, die regte van die mens, die broederskap van die mensdom, vooruitgang van die wêreld en vrede op aarde bygedra.

Daar word nie op die meriete van die aanklagte ingegaan nie, maar dit is so dat dit gedóópte volkere was wat gedurende soveel eeue dikwels met die seën van die Kerk, bloedige oorloë gevoer het. Die Pous van Rome het in 1054 die hele Oosterse Kerk onder die ban geplaas. Die Kommunisme is ook nie uit die Ooste nie, maar uit die Weste afkomstig.

/48.

Karl Marx was die seun van ŉ Joodse advokaat uit Duitsland en ŉ Nederlandse moeder.[12)]

Die Wêreldraad van Kerke en die Gereformeerde Kerk in Nederland se houdinge en besluite oor die terrorisme in Suider-Afrika is bekend.[13)]

Maar die Weste verkeer in ŉ roes van swaarmoedigheid oor die Kommunisme asof hy klaar verloor het. Hy skyn alles wat hy het,te wantrou: sy godsdiens, sy onderwys, sy maatskaplike orde, sy ekonomiese orde. Vir die Weste lê die toekoms eintlik oop.[14)] Maar dan moet mens nie net blindelings optimisties wees nie. Die Kommunisme beplan en werk op groot skaal. Die Weste kan nie slegs wil vertrou sonder beplanning, voorraadopname en inspanning nie.

"Die uitdaging van ons tyd dwing die Christendom op sy knieë, by die ootmoedige belydenis van sy skuld en eie mislukkings - so sien ons die Christendom op sy beste".[15)]

Baie Afrikaners se hovaardigheid, hul liefdeloosheid, hul gebrek aan dienslewering en versuim om as lewende getuies van Jesus Christus op te tree, lê ten grondslag van al ons probleme en nood.

---

12) Hanekom, T.N. Godsdiens. In Die uitdaging van ons tyd, p. 30.

13) O'B Geldenhuys, F.E. Wat het by Lunteren gebeur? Die Voorligter, 37(8): 7 en 27, 1974.

14) Murray, A.H. Waarom pessimisties wees? ŉ S.A.U.K.-uitgawe, p.3.

15) Hanekom, op. cit., p.31.

## 2. Die nood van die mens

In die algemeen word die nood van die mens van ons tyd aan vier oorsake toegeskryf, nl.

a. vereensaming en 'n gevoel dat hy oorbodig is;

b. die gevoel van die sinloosheid van alles;

c. die vrees waarin die mens lewe;

d. die te hoë lewenstempo met al sy gevolge.

Besef die gejaagde mens van ons tyd dat Gods Woord al die antwoorde het? Teenoor eensaamheid kom die ware naasteliefde te staan. Teenoor die sinloosheid van alles, is daar die versekering dat ons arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.[16)] Teenoor die vrees van oorbodigheid omklem ons die belydenis dat Christus ons so belangrik geag het dat Hy ons elkeen by die naam ken en ook vir ons gesterf het. Teenoor die vernietigende lewenstempo skuil ons by Christus wat vermoeides en belastes roep om by hom rus te vind.[17)]

## 3. Johannesburg, 'n heidendom?

Ene Eerwaarde Reg Bendixen, leier van 'n interkerklike groep, het onlangs met die hulp van 20 kerke in 'n steekproef 1 300 Blankes in verskillende dele van Johannesburg uitgevra oor hulle verhouding tot Christus. Elke persoon is vir bykans 'n uur lank ondervra. Dit is nie bekend of die drie Afrikaanse Susterskerke hieraan deelgeneem het nie en hoeveel van die 1 300 ondervraagdes Afrikaanssprekend was nie. Uit die ondervraging het die volgende geblyk:

---

16) 1 Kor. 15:58.

17) De Bruyn, P.J. Geestelike nood grootste gevaar. <u>Die Transvaler</u>, p.6, 14 Julie 1973.

a. Slegs 5% het bely dat hulle Jesus as Saligmaker aangeneem het;

b. 45% weet dat Jesus die Verlosser is, maar het nog niks daaromtrent gedoen nie;

c. vir die meeste ander is Jesus net 'n historiese figuur.[18]

Soos verder sal blyk, is die toenemende getal egskeidings, die oorsake van dwelmmisbruik, pornografie, permissiwiteit, ens. alles uitvloeisels omdat baie Afrikaners God versaak het en talle net 'n Sondaggodsdiens beoefen. Het dit nie tyd geword dat die kerk en die skool self moet besin, mekaar se hande vat en die verlore skape gaan soek nie?

B. EGSKEIDINGS

Die Afrikaner beskou homself as 'n moreel redelik hoogstaande volk. Hy is selfs lief om te wys op die teenstelling tussen sy streng sedelike norme en tekens van verval in ander lande.

Maar tog het die Republiek van Suid-Afrika die tweede hoogste egskeidingsyfer in die wêreld. Die belangrikste maatskaplike probleem in die Weste is dan ook gebroke gesinne. 'n Daaglikse godsdiensbelewenis van die hele gesin kan meer hieraan doen as al die psigiaters in die wêreld.[19]

Egskeidings in die Republiek van Suid-Afrika het in 10 jaar sedert 1961 onrusbarend toegeneem. Volgens die Departement Statistiek se verslag, bereken teen 1.000 getroude pare, het die egskeidingsyfer van 6,5 in 1961 tot 9,5 in 1971 toegeneem.

---

18) Die Transvaler, p.5, 1 Januarie 1974.
19) Die Transvaler, p.4, 1 Januarie 1974.

Veral by jeugdiges is die egskeiding hoog. In 1971 was daar 11 710 minderjarige kinders by hierdie egskeidings betrokke. Uit 8 250 skeisake het die huwelik in 4 152 gevalle in kerke plaasgevind.[20] In Johannesburg alleen is in 1973 3 145 egskeidings toegestaan. Kinders wat hierdeur geraak is, is tussen 9 000 en 12 000. Dit word geskat dat daar in 1973 18 000 egskeidings in die hele land was.[21]

Volgens mev. Eska Dowling, direktrise van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg is daar ongeveer 40 000 kindersorggevalle by die Raad geregistreer, waarvan sowat 35 000 nie plek in inrigtings kan kry nie. Volgens haar is die oplossing nie in meer inrigtings nie, maar in groter getalle maatskaplike werkers en werksters om die verbrokkeling in ouerhuise te stuit.[22]

Kan Suid-Afrika in die lig van die voorgaande op hoë sedelike norme aanspraak maak? "Woord en Daad" voer die volgende waarskynlike oorsake vir die hoë egskeidingsyfers aan:

1. Die permissiewe gees, die vrye liefde wat deur baie van die jonger geslag beoefen en goedgepraat word. Hulle kry in hul ouerhuise en in die samelewing nie 'n voorbeeld van huwelikstrou en bestendigheid nie.

2. Daar is die kommunikasiekrisis tussen die ouers en die jonger geslag. Die gesin is al minder die draer van tradisie en kultuur.

---

20) Die Transvaler, p. 3, 19 Julie 1973.
21) Die Transvaler, p. 4, 1 Januarie 1974.
22) Die Vaderland, XXXVII (107742): 1, 19 Augustus 1974.

3. Daar is die "afwesige" ouers: die werkende moeder, maar baie belangrik is ook die "afwesige" vader. Talle kinders word groot met slegs die moederfiguur wat tug moet uitoefen en die belangrikste beslissings moet neem.[23]
4. Materialisme het ŉ nuwe lewenstyl geword: ŉ opvallende gebrek aan spaarsin, onnodige luukshede en ŉ radikale afwesigheid van die Bybelse eis van soberheid en matigheid.
5. Die geloof en godsdiens het waarskynlik vir talle net ŉ Sondagaangeleentheid geword. "Miskien is die fundamentele nood en krisis van ons moderne gesinslewe die feit dat so vele die adres kwytgeraak het aan W I E verantwoording met betrekking tot hulle doen en late gedoen behoort te word."[24]

"Woord en Daad" pleit ook dat kerk, skool, universiteit en ander instansies ŉ verandering moet bewerkstellig deur die waarde van die huwelik en gesin ooreenkomstig die skriftuurlike beskouing as lewens- en wêreldbeskouing onder die aandag van diegene wat aan hulle sorg toevertrou is, te bring.[25]

## C. PERMISSIWITEIT

Die gesagsverhouding is een van die mees fundamentele verhoudinge wat daar tussen mense kan bestaan en vir die Christen kom hierdie beginsel uit die Woord van God. Die gesagsverhouding is geldend op alle terreine: die kerklik=godsdienstige, die opvoedkundige, die kulturele, die sosiale,

---

23) In 1971 het 5 390 vroue om egskeiding gevra teenoor 2 850 mans. Vgl. Die Transvaler van 19 Julie 1973.

24) Redaksioneel. "As die vesting val...," Woord en Daad, p. 17-18, Maart 1974.

25) Ibid.

die ekonomiese. Nêrens kan voortgang gemaak word as gesag nie erken word nie. Die verwêreldliking in die Westersekultuurpatroon toon dat lande hulle belangstelling vir God, sy Woord en sy kerk verloor het.

Hierdie permissiwiteit word in alle lewensterreine, ook in Suid-Afrika, gevind: in die openbare lewe, in die huis, in die skool en aan die universiteit. Dit gaan nie soseer om die ondermyning van die gesag as gevolg van bepaalde griewe nie, maar oor die bevraagtekening van die geldigheid en bestaansreg van gesag as sodanig.

Volgens Duvenage is permissiwiteit ook kenbaar in die volgende gesindhede:

1. ŉ Lewensontaarding waar die geweldadige as die held voorgestel word en die toenemende gebruik van dwelmmiddels.
2. Seks tussen mense wat op mekaar ingestel is, word as iets doodnatuurliks buite die huweliksband gesien.
3. Welvaart en besit is die gangbare maatstaf waarvolgens ŉ persoon gemeet word, en die kondisionering van die maatskappy dat hierdie welvaart en besit langs enige moontlike weg en met enige moontlike middel verkry kan word.
4. Die bevoordeling van familielede, vriende en persone van ŉ bepaalde kerk, volk of ras, sonder inagneming van meriete en kwalifikasies.

/54.

5. Die verskynsel wat al groter afmetings aanneem, nl. om die waarheid om te keer as ŉ leuen en die leuen aan te bied as die waarheid.

6. Die toenemende sug na vermaak, genieting en ontspanning.[26)]

Permissiwiteit in Suid-Afrika is kenbaar in die hoë egskeiding=syfer en in al die omstandighede soos deur Duvenage aangedui. Kan die skool deur middel van sy voogonderwys wal gooi en koers aandui?

## D. <u>PORNOGRAFIE EN VERVLAKKING</u>

Nog blyke van die permissiewe gees is die kondisionering vir en oënskynlike goedkeuring van pornografie. Dinge wat tien jaar gelede nog as absoluut pornografies en selfs as walglik beskou was, word vandag aanvaar en verskyn volop in die kommunikasiemedia. Die aanvaarding daarvan dui op ŉ proses van vervlakking waardeur die intieme dinge wat mooi en edel was, alledaags, platvloers en vulgêr gemaak word. Mense se verfyndheid kan ingeboet en afgestomp word. "Hoe kan ŉ mens ouers daarvan beskuldig dat hulle hul kinders nie behoorlik opgevoed het nie, as daar reeds veel aan hulle eie opvoeding geskeel het? Hulle is self al kultureel-onterfdes, slagoffers van ŉ kultuurverlies waaraan die Westerse mens van die begin van die industriële revolusie onderwerp is." [27)]

---

26) Duvenage, S.C.W. Permissiwiteit as groeibodem vir misdaad. <u>Instituut vir bevordering van Calvinisme</u>, Studiestuk 76: 5-14, Oktober 1973.

27) Coetzee, P.C. Afrikaner is lesende volk. <u>Die Transvaler</u>, p. 6, 23 Januarie 1973. P.C. Coetzee is ŉ professor in letterkunde aan die Universiteit Pretoria.

Hierdie stelling word onderstreep deur 'n nuusberig dat in die Republiek jaarliks sowat R12 miljoen aan 50 miljoen boekies of tydskrifte met fotoverhale bestee word. Nagenoeg 75% hiervan verskyn in Afrikaans. Op die oomblik is daar 56 fotoverhale in reeksvorm wat maandeliks verskyn, waarvan die gemiddelde oplaag 25 000 tot 27 000 is. Die oplaag van party is oor die 100 000. Hulle verkoop soos soetkoek. Sommige van die verhale is siek, swak, vulgêr en byna pornografies, en skoolkinders het vrye toegang daartoe.[28)]

Die "South African National Readership Survey 1972" van "Market Research Africa" se bevinding oor die lees van koerante is eweneens openbarend. Van die 298 000 Afrikaanse vroue lees slegs 29,7% 'n dagblad, terwyl 89% 'n Afrikaanse of Engelse naweekkoerant lees. Dit toon duidelik dat vroue die Sondagpers verkies en vir die meeste is dit die enigste koerant wat hulle lees. Dit is juis hierdie koerante wat bekend is vir die "geur" en "detail" aan gebeure. Sy lees graag 'n Afrikaanse of Engelse tydskrif en dit sluit die kontroversiële Scope en ook Keur in. Laasgenoemde "tydskrif" het die grootste omset in Suid-Afrika. Uit 'n totaal van 505 000 mense wat dit lees, is 299 000 vroue.[29)]

Waar die moeder reeds die verantwoordelikheid van haar kinders se opvoeding grootliks alleen dra, is haar voorbeeld aan haar kinders van die gehalte leesstof wat sy wél lees, bevorderlik vir toenemende kulturele armoede.[30)]

---

28) <u>Die Transvaler</u>, p.5, 28 Maart 1974.

29) <u>Die Vaderland</u>, XXXVII(107274): 17, 22 Augustus 1973.

30) Vgl. "Die taak van die moeder", hoofstuk 4, p. 143-144.

/56.

Die volk is in 'n greep van kulturele vervlakking en verval. Terwyl daar enersyds van die vrou, miskien halfhartig, kapsie gemaak word teen die blootstelling en kommersialisering van die vroulike liggaam in advertensies en pornografie, is daar andersyds die tienduisende in hulle gewaagde dag-, aand- en swemdrag en die groot getalle wat skynbaar graag twyfelagtige artikels lees. Hulle predik één ding maar doen die teenoorgestelde.

Dit dui net weer hoe min mense lees, hoe oppervlakkig hul kennis en insig moet wees en watter geweldige taak op die skool rus om koers aan te dui.

E. ONKUNDE OOR DWELMMIDDELS

Die gevare van dwelmmiddels en die oorsake wat tot die gebruik daarvan lei, is baie belangrik vir elke opvoeder, ouer én onderwyser. Hulle moet daarvan kennis dra, want die probleem kan alleen opgelos word deur opvoeding en voorkoming. Die volgende is omstandighede wat tot verslaafdheid lei:

1. Godsdiens word deur baie ouers verwerp en hulle kinders ontvang dus geen godsdienstige opvoeding nie. Hulle verlang na 'n godsdienstige belewenis en baie het verwronge idees oor mistiese Oosterse godsdienste. In dwelmmiddels soek hulle dan godsdienstige insig en betekenis vir hulle bestaan.

/57.

2. Van klein tyd gee ouers onoordeelkundig pille aan kinders, veral kalmeermiddels. Hulle gebruik dit self ook, dikwels sonder voorskrif van ŉ geneesheer. Dit hoef nie skadelik te wees nie, maar kinders raak gewoond aan medisyne wat hulle eintlik nie nodig het nie, veral as dit gereeld toegedien word. Hulle dink mettertyd dat daar vir elke pyn en ongemak een of ander medisyne beskikbaar is. In plaas van om ongemak en pyn te verduur, wil hulle dus medisyne hê. Dit kan later uitloop op die misbruik van dwelmmiddels.
3. Geneeshere, psigiaters, aptekers en hospitale speel ook ŉ rol omdat die middels onoordeelkundig aan pasiënte voorgeskryf word vir spanning, slapeloosheid of kroniese hoofpyne. Langdurige gebruik hiervan kan by persone met persoonlikheidsgebreke verslawing meebring.
4. Veral in die groot stad is daar stedelinge wat onbekend bly, wat vereensaam en die gevoel kry dat niemand vir hulle omgee nie. Om die eensaamheid en verveling te verdryf neem sommige mense dwelmmiddels.
5. Persoonlikheidsteurnisse is dikwels die gevolg van ŉ onbevredigende en ongelukkige gesinslewe. Dit kan ŉ belangrike rede wees waarom kinders dwelmmiddels gebruik. Baie jeugdige verslaafdes kom uit ongelukkige en ongesonde gesinslewes. Die gesinne is dikwels onvolledig as gevolg van die dood van ŉ ouer, egskeiding of verlating. Die gesinseenheid bestaan nie; die verhouding tussen ouers onderling en tussen ouers en kinders is gebrekkig. Die kinders ontvang geen liefde, beskerming of sekuriteit nie en het dikwels geen selfvertroue nie en ervaar

/58.

gevoelens van onveiligheid en verwerping. Persoonlikheidsgebreke by die kind is aan veral drie faktore te wyte, nl. ŉ uitermate beskermende ouer, ŉ uitermate toegewende ouer en ŉ uitermate dominerende ouer. By jeugdige manlike verslaafdes is vasgestel dat hulle geen kontak met hulle vaders gehad het nie as gevolg van uithuisigheid, dood of egskeiding.

6. Ook in die skool kan gebrekkige persoonlikheids= ontwikkeling en -steuringe ontstaan as gevolg van oordrewe beklemtoning van kompetisie, prestasie, sukses en die nastrewing van materiële doelstellinge. Dommer kinders sak uit en as hulle druip, ontwikkel hulle dikwels ŉ minderwaardigheidsgevoel. Dit alles kan spanning tot gevolg hê wat kinders tot dwelmmiddels dryf.

7. Die gees van permissiwiteit by die ouer geslag wat vroeëre ontoelaatbare dinge oor die hoof sien, het bygedra tot die gesagsverwerping by die jeug, wat weer op sy beurt tot bandeloosheid aanleiding gee.

8. Die sogenaamde generasiegaping is die gevolg van geen of baie min kommunikasie tussen ouers en hulle kinders. Ouers is meesal die skuldiges omdat hulle só in hulle probleme en sosiale verpligtings vasgevang is dat hulle nie tyd het om aandag aan hulle kinders se probleme te gee nie. Die jeug twyfel ook aan die ouer geslag se vermoë om die wêreld te hanteer.

/59.

Die jeug beskuldig ook die ouer geslag van dubbele standaarde, een vir húlle en een vir die jeug. Daar is ŉ gebrek aan koersvastheid en dissipline by die ouer geslag wat die jeug verdwaas, ontnugter en verwar. Baie geestelike waardes wat hulle sélf nie nakom nie, word aan die jeug voorgehou en daarby is die ouer geslag ontsettend materialisties. Dit alles bring verwydering en verwarring mee, wat jeugdiges soms na dwelmmiddels dryf.

9. Die bestaande samelewing is vir hulle vol gebreke en hulle kom in opstand daarteen, hoewel hulle geen alternatiewe kan aanbied nie. In sulke omstandighede kan dwelmmiddels misbruik word as ŉ daad van rebellie en vyandigheid.[31] Wanneer ŉ mens die afvalligheid waarneem, pornografie en treurige leesgewoontes en die groot getal kinders wat jaarliks vanweë egskeidings en verwaarlosing in onveiligheid gedompel word, dan word volksopvoeding of ouervoorligting al meer noodsaaklik.

F. <u>VROEË SKOOLVERLATING EN IMMIGRANTEKINDERS</u>

1. <u>Vroeë skoolverlating</u>

Die Afrikanerkind se kanse om in die Witwatersrand-Vaaldrie=hoekgebied van st. 6 tot st. 10 te vorder is aansienlik minder as buite hierdie gebiede. Die Republiek van Suid-Afrika het elke Blanke se breinkrag nodig en daar is al dikwels oor hierdie groot breinerosie geskryf.

---

31) Loedolff, J.F. en Louw, D.A. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom? p.82 - 92.

Die volgende kan as oorsake van vroeë skoolverlating genoem word:

a. Daar is 'n gebrek aan motivering by die huis sowel as by die skool. By die huis is dit moontlik dat te veel stadsafrikaners die onderwys onderwaardeer as 'n middel tot opheffing en ook swak prestasieondersteuning in die opvoeding van hulle kinders.

b. Baie Afrikanersubgroepe het 'n beperkte beroepshorison. Materiële waardes word oorbeklemtoon, wat vroeg reeds 'n behoefte by die kind om sy eie geld te verdien, stimuleer. Hoë salarisse van doodloopberoepe speel 'n groot rol.

c. As gevolg van die lae aansien wat onderwysers in stede geniet, het stadsleerlinge 'n minder aantreklike beeld van die geleerdheidsberoep.

d. Die kwalitatiewe dreinering van die onderwyskorps wat gekenmerk word deur die persentasie afname van mans gedurende die afgelope 30 jaar.

e. Onvoldoende insig in die werklike eise van die groot variasie in die stadsopvoedingsituasie as gevolg van 'n gebrek aan navorsing.[32)]

Die Afrikaner vind dit moeilik om sy plek in die sleutel=bedrywe vol te staan, en as hierdie verskynsel moet voortduur, sal die agterstand slegs groter word. Ook ten opsigte van die geweldige geldtoevloei na die Witwatersrand

---

32) De Lange, J.P. Gespreksgroep: Kerk/universiteit gestig. <u>R.A.U.-Rapport</u>, 6(3):6, September 1973. Vgl. ook : Redaksioneel: Vroeë skoolverlating by Afrikaanssprekende leerlinge. <u>Onderwysblad</u>, LXXX(842): 6, Januarie 1973.

1.

is die Afrikaner se aandeel daarin erg beskeie. Deur studie, toewyding en harde werk kan hy ondernemer in plaas van hoofsaaklik werknemer word.

Die voogonderwyser is seker die grootste enkele krag om vroeë skoolverlating te bekamp. In sy persoonlike verslag van elke kind moet hy homself vergewis van die kind se toekomsgerigtheid.[33] Die kind word sewe jaar lank in die primêre skool deur verskillende voogonderwysers beïnvloed en vroeë skoolverlating kom eers in die sekondêre skool na vore. Die sekondêre skool het in hierdie opsig 'n ontsettende verpligting teenoor die kind en die volk. Deur huisbesoek en samesprekings kan die voogonderwyser trag om die ouers tot ander insigte te bring.

2. Immigrantekinders

Dit is bekend dat slegs vier uit elke 1 000 immigrante - kinders na Afrikaanse skole gaan.[34] Die res gaan na Engelse skole. Die volgende tabel van Jan Cronje is insiggewend. Dit gaan oor die toename of vermindering van leerlinge in primêre skole in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied.

33) Vgl. p. 24 hierbo in verband met departementele voorskrifte oor inligting wat die voogonderwyser moet verkry.

34) Die Transvaler, 6 Junie 1972.

Persentasie toename of vermindering

| Streek | Tydperk | Engelse primêre skole | | Afrikaanse primêre skole | |
|---|---|---|---|---|---|
| Sentraalrand | 1967-1973 | Toename | 9,3 | Vermindering | 21,1 |
| Suidrand | 1969-1973 | Toename | 25,0 | Toename | 6,8 |
| Wesrand | 1968-1973 | Toename | 36,4 | Toename | 9,2 |
| Oosrand | 1969-1973 | Toename | 30,9 | Vermindering | 1,3 |
| Vaaldriehoek | 1967-1973 | Toename | 50,4 | Toename | 16,6 (35) |

Dr. G.D. Scholtz beweer dat van 1924 tot 1972 die aanwins aan immigrante ruim 400 000 was, waarvan die wins vir die Afrikaner hoogstens 10% was. Die meeste immigrante vestig hulle in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied.[36)]

Die immigrantekinders aan Engelse skole aanvaar die "English way of life". Een faset van hierdie lewenswyse is nog steeds om anti-Afrikaner en anti-Afrikanerregering te wees. Dit word nie voldoende besef nie dat die toekoms van die Afrikaner in die Republiek in Johannesburg en die Witwatersrand beslis word.[37)]

Met die groot getalle immigrantekinders aan Engelse skole is die gevaar ook groot dat Engelse skole, wat volgens húlle kultuurpatroon konserwatief is, hulle karakter kan verloor, tot groot nadeel van die hele Blanke bevolking. Van owerheidsweë is daar gedurig aanmoediging dat Afrikaners

---

35) Die Transvaler, 6 November 1973.

36) Die Transvaler, p.8, 13 November 1973.

37) Vergelyk "Die stad en die toekoms van die Afrikaner", p.68 - 72 hieronder.

/63.

die helpende hand na immigrante moet uitsteek en hulle moet inburger. Maar die meeste Afrikaners negeer hierdie wenk en beskou die immigrant as ŉ indringer en mededinger. Te min word dit besef dat hulle daardeur vervreem word en dat die Afrikaner sy eie posisie verswak.

Ouers behoort gelei te word om immigrante tuis te laat voel, sodat hulle uit eie wil hul kinders ook na Afrikaanse skole sal stuur. Vir die Afrikaanse skool is dit ook nodig om die hand in eie boesem te steek.

## G. DIE STADSAFRIKANER EN KULTUUR

Ons belewe tans, net soos ander lande van die Weste, ŉ kritieke oorgangstydperk na die moderne tyd. Algemene kenmerke van hierdie fase is o.a. die prysgee van vaste norme op alle lewensterreine; die liberalistiese losmaak van alle bande wat die mens aan sy medemens, sy gesin, sy eie volk en sy eie staat bind; godsdiens, kultuur en tradisie kom onder verdenking as verskynsels wat die mens nie waardig is nie en waarmee hy so gou moontlik moet breek; as gevolg van meer vrye tyd word hy losgemaak van sy arbeid en die natuur en verval hy in eensaamheid wat alleen deur groter sensasieprikkels oorwin kan word; sy opvattings word deur die massamedia gevorm, wat meesal oppervlakkig en sensasioneel is en wat in sy behoefte vir kennis voorsien.[38)]

---

38) Meyer, P.J. Die geesteskrisisse van die Weste p. 16. Vgl. ook: de Klerk, W.J. Die antwoord van die Afrikaner op die huidige kulturele rewolusie. Instituut vir bevordering van Calvinisme, Studiestuk 69: 4, Februarie 1973.

/64.

Daar is die gesindheid van laat ons eet, drink, vakansies hou en huise bou en al die gawes van ons moeitevolle arbeid geniet. "Maar veral nou is dit nodig om te leer hoe om met die stoflike om te gaan. Goeie smaak, gerigte spaarsaamheid, beplande belegging, mededeelsaamheid en idealisme met jou geld en jou goed. Daar is soveel geleenthede tot diens, juis as gevolg van ons welvaartstruktuur. Daardeur stel God baie van ons in staat om iets te doen aan die onreg in ons land wat bv. die loon van die Nie-Blanke betref. En God stel ons in staat om die Afrikaner sterker te vestig in die Vaderland deur ekonomiese inworteling..."[39)]

As in gedagte gehou word dat in die jaar 2000, d.w.s. oor 26 jaar, byna 96% van die verwagte Blankebevolking van 7 miljoen in stede gevestig sal wees, dan moet daar nóú op De Klerk se woorde ag gegee word, nl. "In hierdie kultuurpatroon van die stad sal ons getuienis dáde moet wees as ons die Afrikaner in die stad steeds wil sterk hou in sy gees".[40)]

Die Suid-Afrikaanse Engelse subkultuur het grootliks in 'n stedelike omgewing ontwikkel. Dit is gevolglik meer daartoe in staat om te voldoen aan die eise van 'n moderne Westerse lewenswyse as die meer landelike en provinsiale Afrikaanse kultuur. Namate nywerhede groei, kan die verengelsing van Afrikaners toeneem wat weer 'n sterk invloed op die toekomstige ontwikkeling van die Afrikaanse kultuur kan uitoefen.

---

39) De Klerk, op. cit., p.5.
40) Ibid., p.4.

Om die Afrikaanse kultuur in huidige omstandighede daad=kragtig te bevorder doen De Klerk die volgende aan die hand:

1. Kultuurorganisasies sal met groot daadkrag groepe moet vergader en bind.
2. Jeugwerk, ook onder die Afrikaanse jeug, sal dinamieser georganiseer moet word.
3. Die kerk sal moet uitgaan na die strate en gangetjies en as moeder roep en versorg met besondere teerheid en opregtheid.
4. So word moderne vestings in die moderne stad gebou waar Christelike geloof en kultuur groei en hom uitstrek vir die Afrikaner om 'n skuiling en blyplek te bied teen al die aanslae van kultuurvervreemding wat in die stad sy groot momentum bereik het.[41)]

## H. DIE STAD EN DIE JEUG

Die jeug is nog erger aan die huidige kulturele rewolusie onderhewig, omdat, soos in vorige paragrawe aangedui is, die volwassenes egoïsties en permissief is en dubbele standaarde handhaaf. Behalwe dat hy dikwels min motivering vanuit die gesinsituasie ontvang, is daar die omringende invloede wat op hom inwerk.

Stedelike mense word daagliks gekondisioneer - 'n bose stryd om besit van die gees. Daar word probeer om die jong Afrikaner oor te haal tot "verligte", "positiewe" en "broadminded" denke, wat hulle in voeling met moderne

---

41. Loc.cit.

wêrelddenke moet bring. Afrikanerskap en volksverbondenheid tel nie meer nie, maar 'n nuwe "Suid-Afrikanerskap" ongeag kleur of nasionaliteit.[42)]

Die jeug van vandag verskil in wese nie van die jeug van gister en eergister nie. Hulle groot probleem is die veranderende wêreld met sy voorspoed wat baie van hulle ouers hulle norme laat verloor het. Kan 'n mens aan die jeug uitdagings bied terwyl hulle moontlik geregverdigde bedenkinge teen die ouer geslag koester? Die ouer geslag sal 'n hartsverandering moet ondergaan en die daad doen soos deur De Klerk in die vorige paragraaf aangedui is, dan kan daardie voorbeelde tot die jeug spreek.

'n Jeugkongres is deur die Juniorrapportryers en die F.A.K. op 4 Augustus 1973 in Johannesburg gehou. Benewens die studente van R.A.U. en die Goudstadse Onderwyskollege is daar duisende jong onderwysers en ander jong mense. Tóg het slegs 200 onderneem om die kongres by te woon, en uiteindelik het net 50 opgedaag. Van die 50 het 25 na middagete oorgebly. Lê die fout by die Afrikaner se kultuurliggame alleen of moet die huisgesin die blaam dra?

Van der Berg sê dat die kerk en skool wat slegs die beskermers van ou lewensvorme wil wees, stellig hulle kontak met die jonger geslag sal verloor.[43)] Van sedepreke, van verkramptheid bloot terwille van verkramptheid

---

42) Van Jaarsveld, F.A. Die verstedeliking van die Afrikaner, p. 36.

43) Van der Berg, J.H. Die veranderde en veranderende status en rol van die onderwyser..., p.235.

/67.

en van behoudenheid bloot terwille van behoudenheid het die jeug van kleinsaf seker genoeg gehad. Daar moet realisme wees en daar is beslis tradisies en norme wat onveranderlik is. Kerk, skool en gesin moet net nie verstok raak nie. Die jeug het altyd ideale, maar huidig is daar baie wat gefrustreerd is. Hulle bevind hulle moontlik in 'n lugleegte. Moontlik is die moderne stadsjeug nie gemotiveer nie. Daar behoort meer gedoen te word om hulle tot begrip te lei van hulle nuwe stadsomgewing en om hulle die geskiedenis van die verstedeliking van die Afrikaner te laat leer ken.[44]
Die geslag van 1948 het opgegroei in 'n soort politieke en emosionele lugleegte. Hulle het nie die stryd oor taal, geskiedenis, vlag, volkslied en republiekwording persoonlik meegemaak nie. Die Engelse Oorlog, Rebellie en Tweede Wêreldoorlog wek nie by hulle enige emosie nie. Die emosies van gister en van die verlede, is vir vele dood. Die jeug, as deel van die moderne Afrikaner, is besig om eie ervaringe op te doen en word met nuwe probleme gekonfronteer. Hulle sal op grond van hulle ervaringe 'n eie antwoord moet gee op die uitdagings van ons tyd. Dit is die ouer geslag se verantwoordelikheid om die jeug positief te lei en toekomsideale te help gee.[45]

Die grootste uitdaging wat hulle moet begryp, is moontlik om self deur die daad te toon dat hulle meelewende Christene is

---

44) Van Jaarsveld, op. cit., p. 38.
45) Ibid., p. 38.

/68.

soos baie van hulle in die kerk en ook in Christelike jeugaksies tewens doen - om te studeer en begrip te kry van die veranderende omstandighede in die wêreld wat die Christendom, die waarheid en die deugsaamheid bedreig, om onkunde op talle terreine in die volkslewe te bestry en om positief te werk vir die voortbestaan van die Blanke beskawing in die Republiek van Suid-Afrika. Skoolkinders moet mos vandag by skoolfunksies en Republiekfeeste optree om die ouers te lok; daarom kan die jeug die voorbeeld omkeer en aan die ouer garde toon hoe en wat gedoen moet word.

Die ouer garde moet egter hierdie uitdaging aan die jeug stel. Húlle, en elke Afrikaner moet weet om met beginsels gewapen, te weeg, te keur, te getuig en te verwerp. Die ideaal moet wees om toegewyd en getrou aan die Vaderland te wees. Die kwaad moet deur die goeie oorwin word. As moderne Afrikaners moet ons 'n styl in ons kultuur vind in 'n moderne leefwêreld wat kraakvars modern is, en geanker bly in die ou waarhede van die Christendom. "Alleen só sal ons daarin slaag om aan die jeug ons Christelik-nasionale kultuur oor te dra, en hulle sal paraat wees om dit verder te dra".[46]

## I. DIE STAD EN DIE TOEKOMS VAN DIE AFRIKANER

Volgens die sensus van 1970 het 87% van alle Blankes in stedelike gebiede gewoon. Van die Afrikaners is waarskynlik slegs 12% op die platteland en 88% in die stede. Teen die

46) De Klerk, op. cit., p.7. Vgl. ook: Pauw, S. Die maatskaplike orde, p. 37.

einde van hierdie eeu sal sowat 96% van die Blankes van die Republiek van Suid-Afrika in stede woon. In die Witwatersrand-Pretoria-Vaaldriehoekkompleks woon reeds een vyfde van die Afrikaners van die Republiek.[47] In hierdie kompleks troon Johannesburg as die grootste stad uit. Dáár word die toekoms van die Afrikaner beslis en in geringer mate in die genoemde kompleks. Wie Johannesburg beheer, beheer daardeur ook Suid-Afrika.

Dit blyk soms of die Afrikaner wat getalsterkte, politiek, ekonomie, taal, kultuur en ideologie betref, in Johannesburg besig is om te verloor. Te min Afrikaners vorder tot matriek;[48] daar is te min ekonomiese inisiatief en ondernemingsgees. By die volk én by die jeug het 'n geestelike verslapping na Republiekwording ingetree, byna 'n gees van onverskilligheid wat taal, kultuur, ideologiese beïnvloeding en toekomsgerigtheid betref. Het die Afrikaner net 'n verlede maar geen toekoms nie?

By die herdenking van die 21-jarige bestaan van Hoërskool Helpmekaar op 24 Oktober 1942 het dr. W. Nicol, na aanleiding van die gebrek aan Afrikaanse skole in Johannesburg van 1900 tot 1921 gesê: "Hulle wil niks met ons te doen hê nie. In Bloemfontein staan 'n monument vir 26 000 vroue en kinders wat in die Engelse Oorlog verlore is. Ons behoort hier 'n monument op te rig vir die 50 000 kinders wat hier in Johannesburg in daardie tyd verlore gegaan het. Dit is 'n tragedie, die diefstal van 'n mensegeslag".[49]

---

47) Van Jaarsveld, op. cit., p.40.
48) Slegs 30 uit elke 100 st. sesse.
49) Die Transvaler, 26 Oktober 1942.

Met die versuim om immigrante by die Afrikaner in te burger, en hulle kinders deur oorreding én deur wetgewing by Afrikaanse skole in te skakel, is ons nie alleen besig om immigrante van die Afrikaner te vervreem nie maar ook met oop oë besig om 'n geslag wat vir die Afrikaner gewen kon word, te verloor.50)

Soos aanstonds aangedui sal word, is die Afrikaner se posisie in die ekonomie minimaal. Nie net in Johannesburg nie, maar in die hele Suid-Transvaal, is die meeste Afrikaners werknemers. Van die swakkeling Afrikaners wat by Engelse en vreemde werkgewers werk, verengels en stuur hulle kinders na Engelse skole. Hierdie is 'n ernstige saak en deur kommunikering en oorreding moet hierdie mense teruggebring word.

Daar word ook bereken dat 19% van die Afrikaner-elite reeds verengels het. Hulle is reeds sosiaal, godsdienstig, polities en ekonomies van die Afrikanernasionalisme vervreem.51)

---

50) In die Suidrand is 'n Skolewaaksaamheidskomitee wat vir die voorafgaande sewe jaar herhaalde kere briewe aan verskillende owerheidsinstansies gerig het en ook onderhoude gevoer het. Daar is veral gepleit vir deurgangskole waar immigrante, wat nóg Afrikaans nóg Engels ken, geplaas moet word, om dan later by 'n Afrikaanse of Engelse skool geplaas te word. Al die pogings was onsuksesvol.

51) Vgl. Van der Merwe, H.W., Direkteur van intergroep=studies se "White South African Elites", soos aangehaal deur die Vaderland, XXXVII (107750):19 van 28 Augustus 1974.

Volgens opnames wat deur proff. Lawrens Schemmer en Guy Butler gemaak is, is daar waarskynlik bloedweinig Engelssprekendes wat verafrikaans. Hulle het ook bevind dat jong Engelssprekendes oor die algemeen onverskillig teenoor Suid-Afrika staan en antagonisties teenoor Afrikaners is. Baie van hulle verwerp sonder meer alle Afrikaners en alles wat Afrikaans is en plaas die verantwoordelikheid van alle euwels op die Afrikaner se skouers. Die gemiddelde Afrikaner toon meer toegeneentheid teenoor Engelssprekendes as andersom. Butler beweer ook dat slegs 10% van die Engelse "setlaars" sedert 1961 Suid-Afrikaanse burgers geword het.[52)]

Wat die jong Engelssprekende se gesindheid betref, kan die vraag gestel word of hy dan nie 'n produk van sy huislike opvoeding is nie. Is dit nie maar ook die gesindheid van die volwasse Engelssprekende nie? Wat die aanvaarding van Suid-Afrikaanse burgerskap betref, kry 'n mens die indruk dat baie ander immigrante - Hollanders, Duitsers, Portugese, ens. - ook nie burgerskap begeer nie, dat hulle eintlik nooit geestelik deel van Suid-Afrika word nie en dat Suid-Afrika vir die meeste slegs 'n tydelike hawe is.

Hulle, wat daagliks met die gewone mens te doen kry, weet hoe benard die posisie is. Dit is aan die vererger. 'n Beweging is vandag nodig wat die Reddingsdaadbond van die verlede klein sal laat lyk, maar 'n beweging wat die Afrikaner se oë op alle terreine sal open. Maar dit moet van die

---

52) Sapa-berigte tydens die opening van die 1820-Setlaarsmonument te Grahamstad in Julie 1974. <u>Die Transvaler</u>, p.2, 16 Julie 1974.

toppunt van die piramide kom, van die invloedrykes en gesaghebbendes en vandaar versprei na alle lae van die bevolking. Waterink sê dat dit n fout is om alleen oor die toekoms te dink. Daar moet ook t.o.v. die toekoms gehandel word. Daar moet n eenheid tussen beskouing en handeling wees.[53)]

J. <u>DIE AFRIKANER, DIE EKONOMIE EN SY VOORTBESTAAN</u>

Die R.S.A. staan bekend as die land wat op nywerheidsgebied die verste in Afrika gevorder het, met die hoogste gemiddelde lewenstandaard van enige gebied op hierdie vasteland.[54)]

In die ekonomie is Suid-Afrika besonder geseënd en op alle vlakke en terreine gaan dit voorspoedig. Groot projekte is aangepak of word aangepak:- Yskor, die N.O.K., Sasol, Foskor, die vervaardiging van wapens en vliegtuie, damme, grens=nywerhede, kernkragontwikkeling, natuurbewaring, soektogte na olie en talle meer. Die meeste van hierdie mylpale is moontlik gemaak, in die verlede en in die hede, toe die Afrikaner die politieke mag verkry het, en die staat het meesal die inisiatief geneem. Groot instellings soos Volkskas, Sanlam, Saambou-Nasionaal, Trustbank, ens. het op Afrikanerinisiatief tot stand gekom.

Ten spyte van die groot ekonomiese kongres van 1939 en die daaropvolgende ekonomiese prestasies is die Afrikaner nog veel swakker as enige ander Blanke groep. Sy voortbestaan hang in aansienlike mate af van die desentralisasie van industrieë op die grense van Bantoetuislande, anders sal die

---

53) Waterink, J. Theorie der opvoeding, p.33.

54) Houghton, Hobart. Die uitdaging van armoede. <u>In</u> Die uitdaging van ons tyd, p. 7 - 8.

Republiek net so swart as die res van Afrika word.
Afrikaners doen die minste om grensnywerhede tot stand te bring. Scholtz sê in hierdie verband: "Dié beleid wat moet dien om die Afrikaners as volk te laat voortbestaan, kry van hulle vrywel geen steun nie... Ek weet van geen volk wat in die verlede al ooit so 'n houding aangeneem het nie... Dit kan die meerderheid van die Afrikaners blykbaar nie skeel dat hulle land al hoe swarter word nie".[55)]

'n Geweldige geldtoevloei na die Witwatersrand word ondervind. Hier regeer geld byna alles. Die Afrikaner met sy min kapitaal vind dit moeilik om aan die moordende stryd deel te neem. Selfs nie eens een persent van die kleinhandel is in Afrikaners se hande nie.[56)]

In Johannesburg, soos nêrens anders in die Republiek nie, moet die Afrikaner veg om 'n beskeie staanplek. Sy breinpotensiaal én kapitaal word onderbenut. Albei moet gemobiliseer word vir diens aan die breë Afrikanerdom, want op die duur sal die politieke mag niks beteken sonder ekonomiese mag nie. Die Afrikaner móét geesteswerbaar en ryk aan kultuur wees, maar hy moet ook ekonomiesweerbaar wees en die ekonomiese mag hê om Johannesburg en ander stede vir hom te verower.

Amerikaanse kapitalisme het reeds 'n wurggreep op die ekonomie van die Europese volke verkry. Daar word tewens aangedring daarop dat die Amerikaanse en Britse kapitaal tot 'n verandering

---

55) Scholtz, G.D. Verswarting: oproep tot die Afrikaner. Die Transvaler, p.7, 14 Mei 1973.

56) Scholtz, G.D. Afrikaners: 'n geslag aan Rand verlore. Die Transvaler, p. 8, 13 November 1973.

van die Republiek se rassebeleid gebruik moet word. "En ons Afrikaners is blykbaar totaal onbewus van die gevaar wat so uit Johannesburg dreig".[57)] Gepaard met die geld= toevloei vind in Johannesburg gedurende die afgelope 7-9 jaar 'n samebolling van onafrikaanse elemente, wat 'n uittog van Afrikaners tot gevolg het. Scholtz, wat die afgelope 37 jaar al 'n studie van die Afrikaner in Johannesburg maak, is van mening dat hy polities in 'n swakker posisie as selfs gedurende die oorlogsjare verkeer. Die Volksraad-, Provinsiale Raad- en Stadsraadverkiesings van 1970, 1971 en 1972, bewys dit.[58)] In die stadsraad het die Nasionale Party se setels van 17 tot 10 verminder. Waar die Afrikaner polities tans nog beheer uitoefen in die Republiek, is dit van min waarde as hy ekonomies onvry is.[59)]

Word dit allerweë besef watter geweldige mag en invloed mnr. Harry Oppenheimer, na die oorname van die Schlessingergroep deur sy Anglo American Corporation, op die ekonomie, die politiek en heersende lewenswyse in Suid-Afrika kan hê? Ook Unicorp en Barlow Rand het saamgesmelt, met gesamentlike bates van R1 400 miljoen. Anglo American Corporation is die grootste enkele aandeelhouer. Dit is die Afrikaner se taak om ekonomies weerbaar te wees, want daardeur kan die staat sy beleid makliker ten uitvoer bring. Die Afrikaner se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing is geldend op alle vlakke, ook op die ekonomiese. Sy godsdiens,

---

57) Scholtz, G.D. Die Afrikaner kan verloor. <u>Die Transvaler</u>, p.7, 22 Augustus 1972.

58) Volgens partykommentaar is die herowering van Turffontein deur die Nasionale Party in 1974 moontlik die gevolg van Verenigde Party lede se protesstem teen hulle party se rigtingloosheid, en nie toenemende steun vir die Nasionale Party nie.

59) Scholtz, op. cit., p.7.

kultuur, politiek, ekonomie en opvoeding is een geheel. Die kwaliteit van die individu bepaal die kwaliteit van die gesin en die kwaliteit van die volk.

In opvolgende subhoofde word aandag aan die "Afrikaner en handeling" gegee. Vervolgens word eers stilgestaan by onverdraagsaamheid, bevooroordeeldheid en verhoudinge en gesindhede teenoor Swartes en Gekleurdes.

## K. ONVERDRAAGSAAMHEID, BEVOOROORDEELDHEID EN ANDER RASSE

### 1. Swartes

In 1948 en daarna met elke algemene verkiesing het die Nasionale Regering ꞌn mandaat om voort te gaan met die beleid van veelvolkige ontwikkeling ontvang. Die beleid word toegejuig én daarvoor word opofferinge gevra, maar ꞌn mens kry die indruk dat

a. die deursnee ondersteuner onwillig is om finansiële opofferinge te maak, min wetende dat dit in wese vir sy eie veiligheid en toekoms is;

b. daar ꞌn onwilligheid onder baie Blankes is om sélf meer hande-arbeid te verrig en kinders meer hande-arbeid te laat verrig en

c. die Swartes nie met groter respek behandel word nie.

Beleefdheid kos niks nie. ꞌn Mens se karakter word bepaal volgens die wyse wat ꞌn mens met sy minderes omgaan.[60] As belydende Christene behoort Blankes die Nie-Blankes deur hulle handelinge te laat verstaan dat hulle ook as mense met behoeftes en gevoelens beskou word.

---

60) Vgl. Min. J. Vorster se beroep op Blankes. Die Transvaler, p.2, 2 Julie 1974.

Is daar nie vandag nog baie Afrikaners wat die Swarte nie as menswaardig beskou nie? Is hy nie vir baie minderwaardig, sonder regte en bestaansvoorregte nie? Word Bantoe-onderwys nie dikwels uit hierdie geledere verdoem nie? Juis die feit dat daar vandag byna net soveel Swart kinders[61] op skool is as wat daar Blankes in die Republiek is, behoort vir die Afrikaner aansporing te wees om hulle kinders so ver moontlik te laat studeer. Dit is die Swarte se reg om geleerdheid te bekom en om te ontwikkel, maar dit is ook die Afrikaner se plig om op alle vlakke die beste kwalifikasies te verkry, voortdurend te studeer en insig in landsprobleme en moontlike oplossings te verkry.

Die Afrikaner het kennis van die Bantoe sedert die Grensoorloë aan die Kaap. Maar wat weet hy van sy kultuur, sy tradisies, sy taal en sy leef- en denkwyse? Blankes verwag so dikwels van hulle onmiddellike aanpassing en aanvaarding van sy (die Blanke) se leefwyse en denke.[62]

Skynbaar verontrus dit baie Afrikaners nie dat geletterde Swartes hoofsaaklik Engelse koerante lees en dat hulle sekondêre skole groot skenkings Engelse boeke vir hulle biblioteke ontvang nie. Dit skyn of daar nie daadwerklik probeer word om die Afrikaner - die deursnee Afrikaner - se beeld deur sy gesindheid teenoor die Swarte te verbeter nie. Die Regering moet hierdie sake regmaak!

---

61) 3,3 miljoen in 1973 teenoor 3 751 328 Blankes in 1970. Die Transvaler, p.5, 11 April 1974.

62) Van Wijk, Cilna. Die taak van die universiteit t.o.v. die vrou. Aambeeld: opinieblad van die Randse Afrikaanse Universiteit, 1(2):5, Julie 1973.

Die probleem van menseverhoudinge sal hom nie vanself oplos nie. Te min mense besef dat met die beste beleid ter wêreld, die suksesvolle implementering en deurvoering daarvan goeie menseverhoudinge as grondslag moet hê. En vir goeie mense=verhoudinge is begrip nodig. Dit is veral geldend in die beleid van veelvolkige ontwikkeling.

Ook in die komende wêreldtydperk van rassestryd het die Afrikaner ŉ besondere taak om aan die wêreld koers en rigting te probeer gee. Nêrens in die wêreld woon soveel gevestigde rasse in een land saam as in Suid-Afrika nie. Die Afrikaner moet te midde van ŉ sieklike wêreldverskynsel van rassegelyk=making met geloof, harde werk, goeie gesindheid en begrip bewys dat verskillende rasse afsonderlik vreedsaam en tog naas mekaar kan lewe.

Soos in hoofstuk een aangedui, moet daar weg gekom word van die idee dat elke man op straat ŉ deskundige is en alles veroordeel in die mate wat dit nie met sy gevestigde mening strook nie. ŉ Mens kan jou maar self net afvra hóéveel Afrikaners het al werklik die beleid van veelvolkige ontwikkeling goed deurdink, hoeveel begryp dit in al sy konsekwensies.

Deur studie en verdieping kan daar meer denkende voorgangers wees wat volgelinge ryp maak vir die pad vorentoe, en in die proses sal daar besmoontlik minder napraters wees.

2. <u>Die Kleurlinge en Indiërs</u>

Aansluitend by die vorige paragraaf is daar die voorbeeld van Willem van Heerden wat op 25 Februarie 1973 die mening dat Kleurlinge en Indiërs saam met die Blankes één ekonomiese en

één staatsvolk moet word, uitgespreek het. Sy mening is sonder meer deur vooraanstaande volksraadslede veroordeel. Die pleidooi én reaksies bewys dat hierdie 'n gekompliseerde saak is. Daar is moontlik drie oplossings, t.w. volkome selfstandigheid van Kleurlinge en Indiërs in 'n eie tuisland; parallelle ontwikkeling; en een staatsvolk, met die konse=kwensie van volledige en volwaardige Suid-Afrikaanse burgerskap vir almal, met behoud van afsonderlike bane op die sosiale en ander terreine. Elk van hierdie oplossings gee besondere probleme. Die reaksies op Van Heerden se pleidooi toon egter dat die Afrikaner in sy politieke denke onverdraagsaam is, onwillig is om 'n ander standpunt as die eie aan te hoor en om eksperimenteel daaroor te besin. 'n Standpunt word te gou afgemaak met 'n etiket. Dit verraai voorts 'n onkritiese onwilligheid om die dinge verder deur te dink en teen mekaar op te weeg.[63)]

By die deursnee Afrikaner is daar waarskynlik nog minder deurdenking. Moet die Kleurling nie liewer sinvol gelei, gehelp en opgehef word nie? Word dit altyd besef dat talle Kleurlinge aan die Rand dit vandag as "verhewe", as 'n soort status van ontwikkeldheid beskou, om Engels as huistaal te aanvaar? Dit is tog belangrik dat die Kleurling wat tradi=sioneel Afrikaanssprekend is, weer met goeie menseverhoudinge, begrip en steun vir die Afrikaner gewen moet word as dat hy uiteindelik in die hande van die swartmag gedryf word. Die Afrikaner moet dit sy taak maak om volks- en taaltrots by die

---

63) Redaksioneel. Blank, Kleurling, Asiaat- een staatsvolk of parallel? Woord en Daad, 14(127): 7, April 1973.

/79.

Kleurling aan te wakker en uit te bou.

Die Afrikaner moet "opgevoed" word om te besef dat ŉ herrangskikking van die Kleurling se posisie in die Republiek in die nabye toekoms nodig en wenslik is.

## L. DIE GEVAAR UIT DIE OOSTE

Samehangend met die ingewikkelde rassesituasie wonder ŉ mens hoeveel Afrikaners besorg is oor die posisie van die Blanke in Suider-Afrika.[64)] Deur middel van die aanvaarding van die Kommunistiese ideologie het 800 miljoen Chinese tot ontwaking gekom. Hulle is besiel met die strewe om hul land en volk tot die vernaamste moondheid van die wêreld te maak. Tans werk 60 000 Chinese aan die spoorlyn tussen Tansanië en Zambië. Die vermoede is dat hulle in werklikheid deel van die Chinese People's Liberation leër is.[65)]

Sedert 1960 is Afrikaners op ruwe wyse daaraan herinner dat daar 250 miljoen Nie-Blankes op hierdie vasteland is. Daarby kom nou die erger skok dat die grootste volk in die wêreld besig is om sy verskyning in Afrika te maak. Hulle leier sê: "Om onsself te ken en om ons vyand te ken, is om seker van oorwinning te wees." Hoeveel Afrikaners ken hulself, laat staan nog hul vyand?[66)] Met die terroristebedrywighede is talle Chinese wapentuig by terroriste gevind. Byna al die Afrikastate is die Republiek vyandiggesind. Die Republiek verkeer reeds in ŉ fisiese oorlog, maar dit skyn of baie

---

64) Met die omverwerping van die gevestigde Portugese regering en met die bewindsoorname van Mosambiek deur Frelimo, het die posisie uiters vloeibaar geword.

65) Die Vaderland, p.13, 8 April 1974.

66) Scholtz, G.D. Sake van die dag. Die Transvaler, p. 8, 23 Julie 1973.

Blankes ŉ houding aanneem van laat-ons-drink-en-vrolik wees... Dit wil voorkom of die volk selfvoldaan is: almal groot deskundiges oor politiek en wêreldtoestande en praters wat sku is vir dade, studie en selfondersoek. Die regering is mos daar om sake reg te maak en reg te hou.

M. DIE AFRIKANER EN HANDELING

"En word daders van die woord en nie net hoorders wat julle=self bedrieg nie".67) Lê hierdie woorde uit die Woord nie al die probleme in S.A. ten grondslag nie? Die Afrikaner beredeneer alles: in toesprake, van die kansel af en ook in kerkraadsvergaderings. "Deur ons formulerings en toesprake jaag ons dikwels ons daadkragtige jongmense na buite, bedek ons ons eie gebrek aan handeling en daadkrag deur woorde, smeer ons ongerymdhede onder die vaandel van Nasionalisme, tradisie en verminkings soos kerkisme en vorms van materialisme toe".68) Hand aan hand met hierdie groot behoefte aan praat, gaan die ontstellende kenmerk dat steeds verwag en geëis word dat die Regering die probleme deur wetgewing moet oplos. Daar is wette oor sabbatsontheiliging, oor Afrikaans in hotelle, oor ontug, oor kindermishandeling, ens. Die volk moet sélf met die daad en met die moed van hulle oortuiging na vore kom. Die huisgesin moet in orde kom. In hierdie verband is ŉ tipiese voorbeeld van die Afrikaner se praatsug en gebrek aan handeling die gesinskongres van 4 - 7 April 1961 in Pretoria waar al die probleme en behoeftes en ook die oplossings geïdentifiseer is, maar wat op niks uitgeloop het nie.69)

---

67) Jakobus 1:22.
68) Die Vaderland, XXXVI(107260):4, 6 Augustus 1973. Vgl. ook: Swart, M.J., e.a. soos aangehaal deur Scholtz, I.P. Die ouer se plek en taak ..., p. 109 - 110.
69) Scholtz, I.P., op. cit., p. 83.

/81.

Daadwerklike handeling is nodig deur skool en kerk en deur oueropvoeding.

N. OPSOMMING

Behalwe vir die sake in A tot M genoem, kan verder uitgewei word oor die Afrikanerouer se plek in die opvoeding en onderwys van sy kind, besoedeling van die natuur, parke, teaters, ens., drankmisbruik, vryetydsbesteding, ens.[70) ] Die ervaring was en is dat die oorgrote meerderheid Afrikaner=ouers graag die beste vir hulle kinders wil hê. Ouers is gewillig om wenke te aanvaar en uit te voer. Maar dit verg aanhoudende en volgehoue motivering en aanmoediging. Dit moet op groot skaal aan 'n wye front aangepak word.[71)]

IV. DIE NOODSAAK VAN VOLKSOPVOEDING

A. INLEIDING

Die kind, met al sy huislike invloede, kom na die skool waar die voogonderwyser hom as individu met al sy omstandighede moet leer ken. Die geroepe Christelike onderwyser wat hom ten doel stel om die hele kind op te voed, staan magteloos wanneer die huisgesin die kenmerke soos reeds in hierdie hoofstuk aangedui is, deelagtig is. Histories, vóór skole gebou is, was die opvoeding van hulle kinders die ouers se verantwoordelikheid. Dit het vandag nog nie verander nie.

---

70) Die leser wat meer oor die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys wil lees kan die ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling raadpleeg van Scholtz, I.P., P.U. vir C.H.O., 1973.

71) Scholtz, I.P., op.cit., p.199.

Kinders volg hul ouers se voorbeeld in alle gesindhede na. Skool en huis moet dieselfde strewe in die opvoeding hê, want as dit teenstrydig is, word die kind verwar en kan dit tot leer- en gedragsprobleme lei. Die belangrikste enkele faktor in die kind se lewe is sy ouers. Nie alleen bring hulle hom in die wêreld nie, maar hulle voorsien ook fisiese versorging en emosionele steun dwarsdeur die kindskap en dien as oordraers van die kultuur waarin hulle lewe.[72)] Al die skool se bemoeienisse met die ouer is bloot om aan die kind die regte opvoedkundige klimaat te voorsien. Dit gaan om die kind se heil, geluk en bestendige toekoms. Die meeste ouers het met die opvoeding van hulle kinders hulp nodig en hulle het net soos onderwysers, voorbereiding vir hierdie taak nodig. Daarom behoort die meeste van die kinderleiding eintlik ouerleiding te wees. Oueropvoeding word belangriker en elke skoolsisteem het die verpligting om die opvoeding by die skool met die opvoeding by die huis te integreer.[73)]

In Amerika, Kanada en Holland is stelsels van oueropvoeding in swang waardeur probeer word om ouerlike bevoegdheid met die opvoeding van hulle kinders te vermeerder. Daarmee word gepoog om direk tot die goeie gesondheid en welsyn van die volk se kinders by te dra.

In S.A. is daar nie sprake van doelbewuste oueropvoeding nie. Skynbaar word daar van die veronderstelling uitgegaan dat ouers

---

72) Auerbach, A.B. Trends and techniques in parent education, p. 1.

73) Bailard, Viginia & Strang, Ruth. Parent-teacher conferences, p. 19 - 20.

van opvoeding alles weet en ook dat hulle maklik aanstoot gegee en vervreem kan word. Tog word gevind dat ouers graag die beste opvoeders wil wees en eintlik voorligting verwelkom.[74)] Illich sê o.a. ook dat ouers leiding nodig het om aan hulle kinders die weg wat tot verantwoordelike opvoed= kundige onafhanklikheid lei, te wys. Daarvoor is egter persone met diepgaande begrip van opvoeding, onderwys en administrasie nodig. Hy is van oordeel dat hedendaagse opvoedkunde administreerders die wetgewers en owerhede wil bevredig en daarom eerder oor die kontrolering van onderwysers en studente begaan is.[75)] Het dit nie ook in S.A. nodig geword dat owerhede en administreerders weg moet kom van die idee dat alle ouers van opvoeding en opvoedkunde alles weet nie; dat alle onderwysers, hoofde en inspekteurs van opvoeding en opvoedkunde alles weet en dat studente, wanneer hulle Godsdiensonderrig gehad het en iets van Christelik-nasionale onderwys gedurende hulle opleiding gehoor het, nou roepings= bewuste Christelik-nasionale opvoeders is nie?[76)]

Owerhede en opvoedkundiges stuit waarskynlik altyd teen die gedagte van oueropvoeding. Daar is ouers in Linden, Water= kloof, Die Bult en selfs ook baie in Vrededorp vir wie die onderwyser niks kan leer nie en by wie hulle baie van opvoeding kan leer. Maar in die praktyk, in die stede, is daar

---

74) Scholtz, I.P. op.cit., p.199.

75) Illich, I.D. Deschooling society, p. 99 - 100.

76) Scholtz, I.P. Besinning: ouerverantwoordelikheid m.b.t. die skool. Fokus, 1(2): 91 - 92, Augustus 1973.

ŉ oorweldigende getal Afrikaners wat oningelig is – die eie volksgenote wat onverskillig is, wat nie weet dat die Afrikaner vandag ŉ intenser stryd as ooit te vore om self=behoud voer nie, wat hulle kinders verwaarloos. Wanneer dáárdie kinders ouers moet word, en volgens húlle ouers se voorbeeld moet opvoed, wat sal dan word?

Die Afrikaner is besig om te verloor, omdat hy praat en konferensies hou en niks daadwerkliks doen nie. Hy het weggedwaal van sy enigste rigsnoer, nl. die Woord van God. Volks- of oueropvoeding is ŉ dringende prioriteit nóú. Hierdie afdeling oor volksopvoeding is ten nouste geïnte=greer met hoofstuk 4 oor voogonderwys en hoofstuk 5 oor ouer-onderwysersamesprekings.

## B. <u>WAT IS VOLKSOPVOEDING?</u>

Volksopvoeding is eintlik sinoniem met volksverheffing en volksveredeling.[77] Dit behels ŉ reeks aktiwiteite wat van opvoedkundige tegnieke gebruik maak om ouers te laat ontwikkel om van gesonder en doeltreffender metodes in kinderontwikkeling gebruik te maak. Oueropvoeding word in Amerika en Kanada meer as bloot inligtinggewend beskou. Dit beoog om deur middel van ŉ verskeidenheid opvoedkundige ondervindinge ouers se begrip en kennis oor ŉ groot terrein te vermeerder, sodat hulle verdere individuele groei mag ondervind én groter bekwaamheid om met kinders te handel sal ontwikkel. ŉ Mens kan nie verwag dat dit drastiese veranderinge in die

---

77) Vloemans, A. Sociologie van de opvoeding, p.l.

/85.

persoonlikhede van ouers of in kinderversorgingspraktyke wat nie slegs in individuele kennis nie, maar ook in kulturele gesindhede gewortel is, sal meebring nie. ŉ Mens mag egter verwag dat groter kennis van kinders en van hulleself, van gesins- en gemeenskapsverhoudinge, hulle in staat sal stel om sommige van hulle gewoontes te verander. Soos hulle ŉ grondiger begrip van wat kinders nodig het, verkry, verander ouers sommige van hulle tradisioneel foutiewe gesindhede wat hulle nie voorheen krities beskou het nie.[78)]

As jy die volk wil opvoed, moet jy na die volk gaan. En jy moet hulle gee wat hulle (onbewus) verlang. ŉ Mens kan egter geen volk, selfs geen groep, opvoed in die ware sin van die woord nie, omdat volk en groep nooit werklikhede soos die enkeling dit is, is nie. ŉ Mens kan slegs enkelinge opvoed en daarom moet die opvoeder, die leier of die persoon van wie die vormende invloed uitgaan, altyd onthou dat hy voor ŉ groep enkelinge staan. Hy moet die hoogste eise aan homself stel - alleen wie self iets is, kan ook iets vir ander wees - maar hy moet ook aan húlle wat hy opvoed, eise stel. M.a.w. daar moet behoorlike kommunikasie, individualisering en gesags= verhouding wees.

N.a.v. die voorgaande maak Vloemans twee belangrike stellinge in verband met volksopvoeding, nl. eerstens dat deur dit trapsgewyse uit te voer, resultate verwag kan word. Tweedens sê hy dat die elite eerste bereik moet word. Die mense wat leiding gee, vorm altyd die spits van die piramide. Vorm ŉ mens aan die top van die leidende persoonlikhede, dan sprei

---

78) Auerbach, op. cit., p. 5 - 6. Vgl. ook:Bailard & Strang, op. cit. p.20.

hulle invloed geleidelik maar onstuitbaar na benede.[79]

Is dit nie die groot probleem in S.A. dat die spits van die piramide moontlik in selfgenoegsaamheid verkeer en nie die eie nood en die van hulle minderbevoorregte volksgenote kan begryp nie? Húlle wat wéét, moet die wiel aan die rol sit.

C. WAAROM IS VOLKSOPVOEDING NODIG?

Baie ouers soek vandag rigting in die opvoeding van hulle kinders omdat hulle tradisionele gidslyne skynbaar verlore of wankelend is. In S.A. het ons almeer kontak met immigrante wat baie ánder lewenswaardes as die Afrikaner het. Die Engelse pers en mense is voortdurend besig om die Afrikaner "broadminded" te maak. Veral in groot stede soos Johannesburg is die Afrikaners wat in die minderheid is, toenemend daaraan onderworpe. Maar volkeverhoudinge tussen Blank en etniese groepe met verskillende en selfs teenstrydige kulturele tradisies en lewenspeile sal in die toekoms dit toenemend vir ouers moeilik maak om hulle kinders op te voed.

In Amerika het gesag en dissipline ŉ probleem geword waarvoor ouers te staan gekom het en waarvoor ook in S.A. voorligting nodig is. Baie ouers het meer van kinders se behoefte aan VRYHEID bewus geword en het ŉ permissiewe rol aangeneem. Dit het in baie huise nuwe probleme geskep: kinders se gedrag het dikwels buite perke gegaan en die kinders self het nie gelyk of hulle altyd so gelukkig met hulle vryheid is, soos die

---

79) Vloemans, op. cit., p. 1 - 2. Vgl. ook Bailard & Strang, op. cit., p.20.

ouers gehoop het nie. Vandag word ingesien dat kinders leiding en beheer nodig het, asook vryheid en onafhanklikheid. Ouers het met al die teenstrydige wetenskaplike bevindings oor opvoeding dikwels verward en selfs verlore gevoel. Geen wonder nie dat hulle hulp soek om hulle pad deur hierdie verwarrings te vind nie.[80)]

D. <u>WAT OUERS IN VOLKSOPVOEDING NODIG HET</u>

Ouers wil die beste vir hulle kinders hê. Hulle wil nie probleemouers wees nie. Soos ander mense het hulle ook 'n behoefte aan aanvaarding en goedkeuring. Ouers is ook dikwels verlig en dit is selfs bemoedigend om te hoor hoe ander ouers soortgelyke probleme as hulle eie hanteer het.[81)] Hulle wil m.a.w. inligting oor kinders hê. Auerbach [82)] noem in verband met volksopvoeding die volgende behoeftes van ouers soos deur hulleself gesien:

1. Inligting oor die stappe van kinderontwikkeling en groei, die betekenis van spesifieke gedrag by kinders en wat mens van die wisselwerking tussen lede van die gesin kan verwag. 'n Mens wonder in watter mate die deursnee-onderwyser op hoogte van die stappe van kindergroei en ontwikkeling en die gepaardgaande gedragswyses is. Baie Amerikaanse ouers swaai natuurlik na die idee dat "ouers weet die beste". Hulle skyn deur instink te voel, of bloot vanweë die feit

80) Auerbach, op. cit., p. 7 - 8.
81) Bailard & Strang, op. cit., p. 20.
82) Auerbach, op.cit., p. 9 - 13.

dat hulle ouers is, dat hulle "die regte ding" vanself sal doen. Auerbach meen dat dit één vorm van die huidige golf van anti-intellektualisme in baie gebiede is. Oueropvoeding, blyk dit, het ŉ verantwoordelikheid om ouers te leer om gesonde, wetenskaplike en professionele kennis in ŉ skeppende onafhanklike wyse te gebruik. Hulle moet kies wat in húlle omstandighede die beste benadering gaan wees.

2. Meer voorligting oor geduld en selfbeheer word verlang. Oueropvoeding kan hier help om ouers te laat verstaan hoe wyd die verskeidenheid van positiewe en negatiewe reaksies waaraan elke mens onderhewig is, werklik is. Daardeur kan hulle perspektief verkry en konstruktief handel. Vir die Christengelowige lê die oplossing in die kruisiging van die eie-ek en hier moet die Christelike kerk en skool hande vat en saamwerk.

3. Selfkennis. Hierdie is ŉ behoefte wat deur ouers dikwels geïmpliseer maar selde direk aangevra word. Ouers sukkel dikwels om hulself te ken sodat hulle meer bewus van hulle eie gesindhede kan wees en hoe dit hulle kinders beïnvloed en affekteer.

4. Gerusstelling. Sommige oueropvoeders sien as basiese behoefte van ouers hulle begeerte vir gerusstelling. As ouers te onseker en te onveilig voel is hulle nie in staat om goed te funksioneer nie en moet hulle dus ten alle koste aangemoedig word. Ouers het egter aansienlike gerusstelling verkry deur die werklike situasie en wat

dit ookal impliseer, eerlik in die gesig te staar.
Maar ouers se kommer moet nie op só 'n wyse hanteer word dat dit onnodig vermeerder nie of dat dit vérder moet bydra tot hulle besef van mislukking en skuld nie.

Die belangrikste waarheid egter wat in volksopvoeding tuisgebring behoort te word, is die waarde van die lewende voorbeeld deur die ouer en elke volwassene.

Die voorbeeld in die huis van ootmoedige godsdiensbe= oefening, van getroue kerkbywoning en dienslewering, van kultuurbeoefening binne en buite die huis, van offervaardigheid en naasteliefde, van goeie gesindhede en menseverhoudinge teenoor alle mense, van die hand= hawing en uitbouing van die moedertaal, van studie en insig in maatskaplike, omgewings- en landsprobleme, ens. - Dit is dié saak wat baie goed, aanhoudend en met oorgawe tuisgebring moet word.

## E. METODES VAN VOLKSOPVOEDING

### 1. INLEIDING

Vloemans[83] praat van indirekte opvoeding deur die gebruikmaking van biblioteke, die pers, televisie en bioskope. Auerbach[84], asook Bailard en Strang,[85] maak ook melding van hierdie middele maar as doelbewuste pogings in volksopvoeding. Laasgenoemdes noem ook die gebruik van gedrukte materiaal en groepbesprekings. In Amerika en Kanada is volksopvoeding egter in sy kinderskoene en word mense spesiaal as volksopvoeders opgelei. In S.A. kan

83) Vloemans, op. cit., p. 183-197.
84) Auerbach, op. cit. p. 19 - 28.
85) Bailard & Strang, op. cit., p. 22 - 25.

miskien ook van indirekte opvoeding gepraat word deur middel van die pers, die biblioteek en radio, asook gesinskampe en geriewe wat vir volwassene onderwys bestaan. Van doelbewuste algemene volksopvoeding is daar op hierdie stadium nie sprake van nie.

2. Verskuiwing van die klem in die benadering van ouers

Vroeëre werk in oueropvoeding in Amerika is gekenmerk deur 'n uitstorting van inligting en adviesgewing. Ouers is vertel wat hulle behoort te weet, wat hulle behoort te doen en selfs hoe hulle behoort te voel. Die aard van hierdie soort ouer=opvoeding het van individu tot individu en van program tot program gewissel. Soms was dit 'n opregte bekeerdery, 'n opwekking van ouers om die lig te sien. Soms het dit die vorm van 'n roskam aangeneem, is ouers skaam gemaak om 'n ander soort optrede te neem. Sover dit dissipline betref, is ouers soms vertel om nie so streng op hulle kinders te wees en soms weer dat hulle nie vir hulle kinders "bang" moet wees nie.

Hierdie pogings is gewoonlik deur die beste motiewe aangespoor, maar die resultate was dikwels heeltemal ongelukkig. Opvoeders was só geïnteresseerd om 'n standpunt tuis te bring dat hulle vergeet het om die effek daarvan op die ouers te besef, nl. skuldgevoel met toenemende onsekerheid en verwarring.

Hoewel die doelstellings dieselfde is, is later tog besef om stadiger te gaan en om op die ouers se bekwaamheid om self rigting in gesonde gesinsverhoudinge te verkry, te konsentreer. Pogings word dan ook aangewend om ouers aan te moedig om

/91.

besluite verstandiger in terme van hulle eie gesinne en hulle eie situasies te maak.[86] Met die "indirekte" oueropvoeding in S.A. bestaan eintlik dieselfde gevaar, nl. dat verskillende individue en instansies teenstrydige advies gee wat net tot verwarring en meer onsekerheid kan lei.

Opvoedkunde en opvoeding as geesteswetenskap vereis net soos enige ander wetenskap, voortdurende navorsing en vernuwing. Dit kan nooit staties wees nie. Daarom moet die onderrig van Opvoedkunde in die opleiding van onderwysers ook nie staties wees nie en aanpas by die knellende, praktiese vereistes van ons tyd en ook die koers verder aandui.

Diegene wat met oueropvoeding besig is, sal wakker moet wees t.o.v. alle nuwe studies oor die ontwikkeling van emosionele en geestesgesondheid en moet self ook in hul eie veld sodanige studie begin.

3. <u>Basiese inhoud van opvoedkundige programme</u>

Die oueropvoeder of onderwyser moet op hoogte van die volgende wees:

kennis van kinders en hoe hulle fisies, psigologies en emosioneel ontwikkel en groei;
kennis van gesinsverhoudinge, met spesiale nadruk op die reaksies van ouers teenoor kinders by verskillende stadia van hulle ontwikkeling;

---

86) Auerbach, op. cit., p.14.

kennis van gedragshandelinge van verskillende mense;

kennis van basiese menslike behoeftes en drifte, tesame met ŉ bewussyn van die baie variasies op die universele tema;

kennis van wat redelik "normaal" is in vergelyking met aanduidings van siekte (patologie) in menslike gedrag;

kennis van die trefkrag van hulle sosiale omgewings op gesinne en van die variasies in kulturele gesindhede in die ouer-kindverhoudinge.[87)]

4. Vir watter ouers is volksopvoeding nodig?

Alle ouers, ryk, arm, hoë, middel- en laerinkomstegroepe, baat by oueropvoeding. In baie sulke groepe het ouers nie alleen aansienlike vordering in die hantering van hulle kinders en huislike omstandighede gemaak nie, maar hulle het ook ŉ meer konstruktiewe benadering teenoor hulle gemeenskaps=probleme aangekweek.[88)]

Auerbach[89)] maak ŉ interessante stelling, nl. dat in gevalle waar emosionele botsings en persoonlikheidsteurings ouers se handelinge met hulle kinders erg benadeel, moet ouers, wanneer dit ookal moontlik is, na behandelingsdienste verwys word. Hy meld nie of ouers deur opvoeding self hierdie toestand ontdek nie. Onderwysers in S.A. is waarskynlik nie só opgelei dat hulle hierdie afleidings kan maak nie.

87) Ibid., p. 28.
88) Ibid., p. 18.
89) Ibid., p. 16.

/93.

Dit mag hoogstens gebeur dat skoolsielkundiges in gevalle met hulle ouerbesprekings so 'n ontdekking kan maak en ouers vir sielkundige behandeling mag verwys. Daar is moontlik talle kinders wat ongemerk aan huislike botsings onderwerp word, omdat onderwysers nie werklik aan voogonderwys en geïndividualiseerde onderwys behoorlike aandag gee nie.

Daar is ook talle ouers wat 'n fatalistiese en defaitistiese houding ontwikkel vanweë 'n ongewenste fisiese omgewing, soos o.a. oorbevolkte woonkwartiere. Nuwe begrippe is gevolglik moeilik vatbaar.

5. Indirekte opvoeding van ouers

Biblioteke is versamelings van kultuurdokumente. Elke gemeenskap wat oor die sedelike en intellektuele peil van sy lede bekommerd is, maak groot finansiële opofferinge om die boek na vele te bring. Die boek is eintlik die universiteit van ons dag. In 'n goeie biblioteek kan 'n mens meer kennis en wysheid as in 'n middelmatige onderwys-inrigting opdoen. In die geval van die biblioteek gaan die pad van die huis na die gebou, maar in die geval van die pers gaan die gebou na die huis. Die gebou (biblioteek) kan slegs die leser lok; die pers daarenteen, beskik oor die vrymoedigheid, soms die brutaliteit, om die leser te oorval. Die koerant staan in die eerste plek in diens van die waarheid en het as sodanig 'n opvoedkundige taak.

Vloemans sê i.v.m. die radio en televisie dat hulle algemene belang en oprigting só duur is dat dit van die begin af in

/94.

beheer van die staat oorgegaan het. Waar daar dus geen finansiële belang op die spel is nie, sou mens verwag dat deur die nasionalisering van die radio die kulturele peil gewaarborg sal wees. Hiermee is ŉ wonderbaarlik doel=treffende middel van volksopvoeding in die hande van die staat gestel. Hy vind dat, wat kenmerkend van die koerante in Holland geword het, ook van die radio kenmerkend geword het. Die uitsendings is veel meer daarop gemik om die slegte smaak van die breë publiek te troetel as wat gepoog word om die swak smaak te veredel of op ŉ redelike peil te hou. Maar ook die bioskoop kan ŉ sosiaal-pedagogiese instituut wees; dog daar is min gewaardeerde kulturele films. Veel erger as die stryd tussen televisie en ŉ werklike kultuurdokument is die boek. In die V.S.A. het die lees van boeke sedert die instelling van televisie baie agteruit gegaan. Die geaksentueerde afkeer in lees - die enigste middel tot werklike verdieping in iedere onderwerp van geestelike betekenis - teenoor die min of meer geïnteresseerde kyk wat maar oppervlakkig is, is ŉ sosiaal-pedagogiese bedenklike verskynsel van ons tyd. In vele koerante is die opskrifte van meer belang as die teks; by ŉ groot gedeelte van die jeug vervang die strokiesroman die boek, omdat laasgenoemde langsamer gaan en veral meer inspanning verg. Wat vir die jeug geld, is ook waar vir die volwassenes. Ook die toneel is deur die film vervang, nie alleen omdat die film vinniger gaan nie, maar veral ook omdat die film soveel minder geestelike inspanning verg: met kyk kan ŉ mens volstaan.[90)]

---

90) Vloemans, op. cit. p. 190 - 197.

Hierdie geestelike luiheid t.o.v. die lees van goeie boeke, koerante en tydskrifte in S.A. is reeds in hierdie hoofstuk aangedui.[91] Die Afrikaner is nie ŉ lesende volk nie. Maar soos Vloemans aandui, kan die biblioteek, die radio, die koerant en die bioskoop groot hulpmiddele in volksop= voeding wees. Maar dan moet daar motivering wees, en dit is skynbaar geïndividualiseerde kontak en kommunikasie o.a. tussen ouers en onderwysers wat breedvoerig in hoofstuk 5 bespreek word.

6. Meer direkte opvoeding van ouers

In Amerika word skynbaar onder leiding van oueropvoeders groepbyeenkomste en ook geïndividualiseerde byeenkomste aangebied. Dit is nie duidelik wie die oueropvoeders is nie, hoewel ŉ aanvang gemaak is om sulke persone op te lei. Hierdie is ŉ saak wat daar nog in die beginstadium staan. Dit blyk egter asof oueropvoeders uit die aard van die saak deskundiges en dan ook deskundige opvoedkundiges moet wees, wat noue kontak met die kerk, die sielkundige dienste, die welsyns- en volksgesondheidsdienste moet hê. Gepaard hiermee moet onderwysers deskundige kinderkenners en- opvoeders wees wat volkome met al die Christelike en nasionale beginsels van hul volk, van die ware beginsels en tegnieke van die voor= ligtingsprogram en van die waarde en betekenis van ouer-onderwysersamesprekings, vertroud is. Hierdie deskundige oueropvoeders moet dan in samewerking met skole groepbe= sprekings reël, programme oor die radio en televisie aanbied en ŉ magdom opvoedkundige films en pamflette laat saamstel en versprei.

---

91) Vgl. p. 54 - 56 hierbo.

Met groepbyeenkomste in Amerika word inligting aan ouérs gegee d.m.v. demonstrasies, opnames, films, lesings en besprekings. Hierdie byeenkomste gee aan mense die geleentheid om meer insig van skoolmetodes en -prosedures te verkry, bv. die bestaande leesmetodes wat vandag baie verskil van 20 - 30 jaar gelede. Wat weet ouers van die jeugweerbaarheidsprogram? Is hulle al daarvan vertel? Onderwysers moet met elke geleentheid die skoolprogram aan ouers vertolk. Individuele konferensies is veral doel= treffend met kritiese ouers.

Blykens navorsingsbevindings in Amerika[92)] is lesings minder doeltreffend as besprekings, en wanneer deur ŉ deskundige gelei, is groepbesprekings doeltreffender as wanneer ŉ leek dit lei. Byeenkomste waár ŉ onderwyser ŉ onderwysmetode met ŉ groep kinders demonstreer, is altyd populêr. Al meer films, skyfies en opnames word as afspringplekke vir besprekings aangewend. Noukeurige opnames van hierdie soort programme het getoon dat die ouers wat aan besprekings deel= geneem het, in kennis aansienlik toegeneem het. Veranderings aan ouers se gesindhede en optredes en in hulle kinders se gesindhede en optredes is die belangrikste resultate van oueropvoeding, hoewel dit selde akkuraat gemeet kan word.

Oueropvoeders sal altyd so noukeurig moontlik moet evalueer wat die behoeftes van ouers is én hulle vermoëns om van die programme gebruik te maak, om dan, wat hulle aan te bied het so sensitief moontlik aan te bied om aan die behoeftes te voldoen. Wat sover aan die hand gedoen is t.o.v. ouers

---

92) Bailard & Strang, op.cit., p. 19. Vgl. ook: Auerbach, op. cit., p. 25.

met normale kinders, is net so van toepassing op ouers in ander situasies: verwagtende ouers, ouers met gestremde kinders, pleegouers, voogouers, die enkel ouer en ander.[93]

Hieruit volg dat ook vir ouers van voorskoolse kinders by=eenkomste gereël moet word waar die volgende sake benadruk kan word: die noodsaak om hardop vir kleintjies te lees, hulle te leer om te leer, om met hulle te kommunikeer, nuwe ervaringe aan hulle te gee en om hulle genoeg geleentheid te bied om daaroor te praat, die verskaffing van liefde en veiligheid, ens.; dan behoort daar reeds minder onryp en vertraagde kinders in gr. i te begin. Voorkoming is immers beter as genesing. In die oueropvoedingsprogram in Amerika word ook baie van gedrukte materiaal gebruik gemaak in die vorm van pamflette of nuusbriewe wat deur skole uitgestuur word. Die doeltreffendheid van gedrukte materiaal kon nog nie met sekerheid bepaal word nie. Die omvang waarin dit aanvaar én aangewend word, sal wissel met belangstellings, behoeftes en kulturele tradisies van ouers aan wie dit gegee word.

Om te verseker dat oueropvoedkundige programme van die radio en televisie beide noukeurig en doeltreffend is, moet dit deur deskundiges in oueropvoeding en kinderontwikkeling saamgestel word. Met latere groepbesprekings kan hierdie aanbiedings bespreek word en kan onderwysers aan ouers 'n maatstaf gee om dit te beoordeel.[94]

---

93) Loc. cit.

94) Bailard & Strang, op. cit. p. 22 - 23.

## F. EVALUERING VAN OUER- OF VOLKSOPVOEDING

Die vraag kan gestel word hoe doeltreffend oueropvoeding is. Kan ouers se gesindhede verander word? Volg ouers die advies wat hulle ontvang d.m.v. pamflette, uitsendings, lesings, deelname aan besprekings, ens. na? In Amerika het dit geblyk dat oor die korttermyn die veranderinge in ouer=gesindheid nie maklik meetbaar is nie, maar as ouers aan 'n verskeidenheid opvoedkundige gebeurtenisse, bv. tientalle pamflette en besprekings oor lang tydperke onderhewig is, is daar ongetwyfeld kumulatiewe veranderinge in ouergedrag. Daar is voldoende bewys dat hulle by oueropvoeding baat, soos blyk uit hulle belangstelling in programme en inhoud en veral ook hulle houding en gesindheid teenoor hulle kinders. Die kind op sy beurt verander ook sy houding en gesindheid. Dit het ook geblyk dat ouers met 'n hoë sosio-ekonomiese status meer waarde aan gedrukte materiaal en 'n analitiese soort rapport heg. Andersyds kan baie ouers met min skoling nie die geskrewe kommunikasie van skole of die pamflette en boeke wat vir ouers geskryf is, verstaan nie. Laasgenoemde ouers leer meer deur waarneming en persoonlike kontak met die onderwysers.[95)]

In S.A. skyn die aangewese weg te wees om op georganiseerde wyse van die radio en later televisie, asook pamflette en ander gedrukte materiaal, films, skyfies en demonstrasies gebruik te maak. Uit hierdie aanbiedings vloei dan groepbesprekings by skole voort. Persoonlike kontak en kommunikasie is van

---

95) Vgl. Bailard & Strang, op.cit., p. 32 - 33 en Auerbach, op. cit., p. 33 - 34.

wesenlike belang en individuele ouer-onderwysersamesprekings, ook gedurende skoolure, is waarskynlik die beste prosedure om te volg.[96)]

V. SLOT

Is die godsdienstige nood, egskeidings en gebroke gesinne, permissiwiteit, onkunde en ander sake bloot klakkelose kritiek of pessimisme of word daar erken dat die Afrikaner in groot nood verkeer? Indien daar saamgestem word dat iets daarom=trent gedoen moet word, wat kan gedoen word en wie gaan dit doen?

Dit skyn logies te wees dat die onderwyser wat immers 'n deskundige en professionele opvoeder is, in só 'n mate deur tersiêre inrigtings vir sy roeping voorberei moet word dat hy waarlik vir sy volk koers kan aandui.

Kán die voogonderwyser in die heersende opvoedkundige klimaat buite die skool van sy opvoeding 'n sukses maak as daar by talle Afrikanergesinne 'n gees van defaitisme heers?

Is die skool vir die taak van volks- of oueropvoeding toegerus en is die skool daarvan bewus dat hy so 'n taak het? In ons huidige omstandighede moet die skool wel hierdie verantwoorde=likheid aanvaar. In die eerste plek is dit dié inrigting wat die nouste náás die huisgesin met kinders gemoeid is. Huis en skool is vennote in die opvoeding van elke kind. In die tweede plek word dit algemeen aanvaar dat die skool die

96) Vgl. hoofstuk 6, p.317-329. Navorser het by 'n vorige skool hierdie metode toegepas. Daarna is vraagbriewe aan ouers en onderwysers gegee vir hulle menings. Die resultate word in hoofstuk 6 aangedui.

/100.

ouer se opvoedingstaak oorgeneem het.[97] Die skool, as voog, móét dan tog die ander vennoot reghelp en lei as laasgenoemde die koers kwytgeraak het. Nou word daar geredeneer dat as die skool sy taak reg aanpak, dit nie nodig sal wees om vir die huidige skoolkinders, wanneer hulle tot troue kom, wéér te wil opvoed hoe om hul kinders op te voed nie. Volgens hierdie redenasie word te kenne gegee dat die skool in die verlede nie sy opvoedingstaak suksesvol uitgevoer het nie, daarom die bestaande nood in die gesinslewe. Dit word ongelukkig te dikwels uit die oog verloor dat niemand ooit die ouer se plek as belangrikste opvoeder kan inneem nie. Die skool kan hoogstens akademiese kennis vir die kind by=bring, maar aan die kind se gesindhede wat hy van die huis bring, kan hy weinig verander sonder meelewende samewerking van die gesin. Dit is die voorbeeld wat die deurslag gee en nie praatjies en preke nie. Die skool se invloed op gesind=hede van die kind volgens Boyd[98] is 8, dié van die vader 40, van die moeder 60 en van maats 78, d.w.s. die skool het slegs 8 teenoor ŉ gesamentlike huislike invloed van 170. Daarom móét die skool die huis positief beïnvloed. Dan behoort daar gunstige resultate te wees.

Waar die skool skynbaar nog nie ŉ besef van só ŉ verantwoorde=likheid het nie - daar is immers geen sprake van wetenskaplike oueropvoeding nie - is dit dringend noodsaaklik dat die spits van die piramide, die invloedrykes en die maghebbers, die deurslag én die beslag nou aan volksopvoeding gee.

---

97) Vgl. Scholtz, I.P. , op. cit., p. 65 - 71 waarin etlike deskundige menings aangehaal word.

98) Soos aangehaal deur Scholtz, op. cit., p. 25 - 26.

Die klein geeste op laerskoolvlak kan individueel byna niks vermag nie, en tog word die primêre grondslag juis hier gegee. ŉ Volk moet geestesgesond wees om behoue die toekoms tegemoet te gaan, en die pad daarvoor gaan deur die huisgesin, die skool en die kerk. Die owerhede moet die fondse voorsien. Die direkteurs, administrateurs en die Nasionale Onderwysraad moet die weg wys. Dit wil soms voorkom of die owerhede vir die Engelse pers terugdeins. Is dit dáárom dat S.A. ŉ breë Christelike en breë nasionale onderwysbeleid het? Wat die regering vir die Afrikaner=identiteit, kultuur en toekoms nastrewe, gun hy ook aan die Engelssprekende. Soos die beleid van veelvolkigheid en vreedsame naasbestaan openlik verkondig en uitgevoer word en daar daardeur die agting én oorweldigende samewerking van die Swartes geniet word, behoort dit ook van die Engelssprekende burgers van die R.S.A. geniet te word. Dan sal daar moontlik ŉ groter vertrouensverhouding en groter liefde tussen die twee groot bevolkingsgroepe vir die gemeenskaplike vaderland wees.